STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E-mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

# NOTULE

## BLUE RIDGE HEV (101)
## ALGEHELE SAKE

**NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 2 JUNIE 2021 OM 09H00 BY DIE KANTOOR GEBOU, BLUE RIDGE.**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | **Konstituering** | |
| | | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | |
| | | |
| 2 | **Opening** | |
| | | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | GG |
| | | |
| 3 | **Verwelkoming** | |
| | | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. 'n Spesiale verwelkoming aan Mariette Gibson van Insure makelaars. | GG |
| | | |
| 4 | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | |
| | | |
| | Teenwoordig:<br>Mnr G Germishuizen - Voorsitter<br>Mnr A Lombard<br>Mnr L Neveling<br>Mev L Stevens<br>Mev R van Huyssteen<br><br>Mev Mariette Gibson - Insure<br><br>Mev R Moore (Status Mark)<br><br>**Verskoning:**<br>Me A Kruger<br>Mnr P Myburgh | <br>GG<br>AL<br>LN<br>LS<br>RvH<br><br>M<br><br>SM<br><br><br>AK<br>PM |
| | | |
| 5 | **Mosies van lief en leed** | |
| | | |
| | Me A Kruger het Covid opgedoen en sal nie die vergadering bywoon nie. | AK |
| | | |
| 6 | **Goedkeuring van vorige notule: 5 Mei 2021** | |
| | | |
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur onderhewig aan die twee spelfoute wat reggestel moet word soos uitgewys | SM |
| | | |
| 7 | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | |
| | | |



Willem & Antoinette Prinsloo
'We put the PRO in PROperty Management'

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 7.1 | **Vertaling van bouriglyne** | |
| | | | |
| | | Die Komitee het deur beide die Afrikaans asook Engelse vertaling van die bouriglyne gewerk. L Neveling sal die veranderinge/regstellings soos bespreek aan Status Mark stuur om dit weer aan Mev Jackie Viljoen te stuur wie verantwoordelik is vir die vertaling van die twee dokumente. R van Huyssteen noem aan die Komitee dat Mnr Van Huyssteen en P Myburgh se gade behulpsaam sal wees om dokumente te vertaal teen geen koste vir Blue Ridge nie. | **LN/SM** |
| | | | |
| | 7.2 | **Brandtoerusting** | |
| | | | |
| | | Daar word melding gemaak van brandtoerusting wat blyk onnodig is en ten duurste deur die vorige Komitee aangekoop was. Die makelaar het bevestig dat dit nie 'n vereiste in terme van versekering is nie. A Kruger sal met die brandweer hoof op terrein ontmoet sodat daar 'n deeglike inspeksie gedoen kan word na die brandtoerusting op terrein. Die item staan oor tot die volgende vergadering. | **AK**<br><br>**STAAN OOR** |
| | | | |
| | 7.3 | **Besigheidsplan** | |
| | | | |
| | | Die Voorsitter stel voor dat 'n projekplan saamgestel word. Die Komittee besluit eenparig dat elke Sub-Komitee volgens 'n projekplan moet werk. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | 7.4 | **Planne vir kantoorgebou** | |
| | | | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **AK/LN** |
| | | | |
| | 7.5 | **Optiese vesel - aanstellingsdokument** | |
| | | | |
| | | Die getekende kontrak tussen Frogfoot en Blue Ridge is na die Komitee gesirkuleer. Die item is afgehandel. | **AFGEHANDEL** |
| | | | |
| | 7.6 | **Bulkwatermeter** | |
| | | | |
| | | 'n Versoek is aan die munisipaliteit gerig om ondersoek te doen na die watermeter weens die feit dat die eienaars se watergebruik hoër is as die watermeter lesing. Terugvoering van die munisipaliteit is ontvang waarin versoek word dat daar fotos van die meter geneem word indien die probleem voortduur. Die waterlesings sal vir die volgende twee maande gemonitor word om vas te stel wat die verskil is waarna die Komitee 'n besluit sal neem. | **SM**<br>**KOMITEE** |
| | | | |
| | 7.7 | **Kantoorgebou - teëls wat oplig** | |
| | | | |
| | | A Kruger en L Neveling sal inspeksie doen en 'n opname maak van alle foute met die kantoorgebou. Die moontlikheid om die teëls met vinyl te vervang moet ook ondersoek word. | **AK/LN** |
| | | | |
| | 7.8 | **Oop & toemaak van heining - opsies** | |
| | | | |
| | | Die heining wat opgerig is , is nie volgens die estetika van Blue Ridge gedoen nie en moet dus oorgedoen word. | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Die Komitee besluit eenparig as volg:<br>1. Dat die fondasie oorgedoen word om aan te pas by die res van die heining.<br>2. Dat 3 nuwe panele aangekoop word om in te pas by die bestaande estetika.<br>3. Dat daar nie 'n hek opgerig gaan word nie en sal 'n paneel oop bly vir wildlewe.<br>4. R van Huyssteen sal 'n gewysigde kwotasie van Crest Palisade kry sodat daar voort gegaan kan word met die herstel van die heining. | **KOMITEE**<br><br><br><br><br>**RvH** |
| | | | |
| | 7.9 | **Zoom fasiliteite** | |
| | | | |
| | | L Stevens stel voor dat daar van Whatsapp gebruik gemaak kan word indien 'n Komiteelid nie die Komitee vergadering kan bywoon nie. In die geval van 'n Algemene Jaarvergadering sal Status Mark die Zoom fasiliteite voorsien. Die Komitee besluit eenparig dat 'n informasie groep vir Blue Ridge eienaars geskep moet word waarin belangrike inligting aan die eienaars deurgegee word. R van Huyssteen sal 'n skrywe opstel wat Status Mark per epos aan alle eienaars sirkuleer om 'n volledige verduideliking te gee hoe die whatsapp groep sal werk asook die doel daarvan. | **KOMITEE**<br><br>**RvH**<br>**SM** |
| | | | |
| 8 | **Versekering** | | |
| | | | |
| | **<u>Gemeenskaplike eiendom</u>**<br>Onderskrywer – Hollard<br>Makelaar – Insure<br>Versekerde bedrag – R1 747 698.00<br>Gemeenregtelike aanspreeklikheid – R1 000 000<br>Sambreel aanspreeklikheid – R20 000 000<br>Maandelikse premie – R750.45 | | |
| | **<u>Getrouheidsdekking</u>**<br>Onderskrywer – CIA<br>Makelaar – Sapcor<br>Versekerde bedrag – R751 000.00<br>Maandelikse premie – R216.48 | | |
| | | | |
| | Mev M Gibson van Insure makelaars woon die vergadering by om sekere vrae wat die Komitee het te beantwoord. Mev M Gibson bevestig aan die Komitee dat daar geen aanspreeklikheid teenoor die Komitee is in die geval waar bosbokke vrylik in die natuur rond beweeg nie. Daar moet 'n persoon wees wie aanspreeklik gehou kan word om 'n eis te kan indien. Mev Mariette bevestig ook dat die Sambreel aanspreeklikheid dekking op die polis 'n wyer dekking op die geboue omvattend is maar dit is nie verpligtend nie. Die Komitee word versoek om deeglik die polis deur te gaan waarna Status Mark enige wysigings aan die polis sal deurgee aan die makelaar. | | **KOMITEE/SM** |
| | | | |
| 8 | **Finansies** | | |
| | | | |
| | 8.1 | **Bestuurstate – Mei 2021** | |
| | | | |
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur. | **SM** |
| | | | |
| | 8.2 | **Bank balanse** | |
| | | | |
| | | Die bank balanse soos op 1 Junie 2021 as volg: | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Tjek rekening – R50 956.66<br>Bou deposito – R95 228.42<br>Reserwe fonds – R872 069.00<br>Kleinkas – R980.50<br>TOTAAL = R1 019 234.58 | |
| | | | |
| | **8.3** | **Uitstaande heffings** | |
| | | | |
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R8372.80 Daar is 7 eienaars tans uitstaande waarvan 1 eienaar aan Herbie Oosthuizen prokureur oorhandig is vir invordering. Status Mark volg voortdurend op met die betrokke eienaars. Status Mark word versoek om skriftelike bevestiging van Herbie Oosthuizen prokureur te kry ten opsigte van die proses wat hul volg met invordering. | **SM** |
| | | | |
| | **8.4** | **Persoonlike uitgawes - Komitee lede** | |
| | | | |
| | | Die Komitee besluit eenparig dat die vergunning daar is indien 'n Komitee lid eis wil indien vir kostes wat aangegaan word ten opsigte van werk wat vir Blue Ridge gedoen word. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | **8.5** | **Limiete** | |
| | | | |
| | | Die Komitee neem die besluit geneem onder punt 7.5.1.2 van die vorige notule in revissie. Die limiete as volg<br>➢ Kostes R20 000 en hoër moet 3 kwotasies verkry word<br>➢ Kostes R5 0000 per item moet 2 kwotasies verkry word<br>➢ Alle kostes bo R5 000 moet na die Komitee verwys word | **KOMITEE** |
| | | | |
| **9** | **Argitektonies** | | |
| | | | |
| | **9.1** | **Huisnommers** | |
| | | | |
| | | A Lombard sal ondersoek doen na 'n standaard groote huisnommer wat aan die eienaars voorgestel kan word om op die huise aan te bring vir identifiseringdoeleindes. L Neveling sal die reël ook in die bouriglyne aanbring. | **AL**<br><br>**LN/AK** |
| | | | |
| **10** | **Sekuriteit** | | |
| | | | |
| | **10.1** | **Suiderkruis sekuriteit - alarm paneel** | |
| | | | |
| | | Status Mark word versoek om Suiderkruis sekuriteit te kontak en te versoek dat 'n tegnikus ondersoek doen na die alarm paneel in die kantoorgebou wat nie werk nie. L Neveling of A Kruger kan gekontak word. | **SM**<br><br>**LN/AK** |
| | | | |
| | **10.2** | **DBS Sekuriteit - Kamera stelsel** | |
| | | | |
| | | R van Huyssteen rapporteer dat sy wag op 'n gewysigde kwotasie van DBS sekuriteit asook 'n tweede kwotasie van Niqua sekuriteit. DBS sekuriteit is bereid om 'n demonstrasie vir Blue Ridge te doen om te wys hoe die CCTV kamera sisteem gaan werk. Die koste sal R3600 per maand beloop vir 9 kameras, reaksie en onderhoud. Daar is ook 'n moontlikheid dat Blue Ridge gedeeltelik met Moquini die monitering kan bewerkstellig gesien van die feit dat Moquini | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | reeds kameras geïnstalleer het. R van Huyssteen sal met die Komitee van Moquini hieroor gesels.<br>Die Komitee besluit eenparig as volg:<br>1. Dat alle kostes eers vasgestel moet word deur kwotasies te kry<br>2. Sodra kostes bepaal is moet die Komitee besluit op die sekuriteitsmaatskappy om aangestel te word.<br>3. Demonstrasie van die stelsel moet aan Blue Ridge gelewer word. | **KOMITEE** |
| | | | |
| **11** | **Infrastruktuur** | | |
| | | | |
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **12** | **Instandhouding & tuine** | | |
| | | | |
| | Daar word probleme met die huidige tuindienste ondervind. A Kruger het onderneem om met Hendry van 4 Seisoene te praat oor die diens wat nie op standaard is nie. L Neveling stel voor dat tydelike hulp gekry word om Killer te help om die tuine op standaard te kry waarna Killer dit net moet onderhou. Die Komitee stem eenparig saam dat daar eers gekyk word wat by Agri aangekoop kan word ten opsigte van roundup of "scatter kill" om die dubbeltjie plaag op die sypaadjie te beheer. | | **AK** |
| | | | |
| **13** | **Personeel** | | |
| | | | |
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| | | | |
| **14** | **Algemeen** | | |
| | | | |
| | **14.1** | **Vullissakke** | |
| | | | |
| | | Status Mark word versoek om 'n skrywe aan alle eienaars te stuur om net weer duidelik te maak watter items in die verskillende kleure sakke geplaas moet word en ook te herinner dat vullissakke op 'n Donderdag in die vulliskamer geplaas moet word. | **SM** |
| | | | |
| | **14.2** | **Honde** | |
| | | | |
| | | Status Mark moet 'n skrywe aan die eienaars rig en versoek dat honde op leibande moet wees en dat dit die eienaar se verantwoordelikheid is om agter sy/haar hond skoon te maak indien die hond mors. Indien daar nie gehoor gegee word nie sal 'n boete van R500 opgelê word. | **SM** |
| | | | |
| | **14.3** | **Verspreiding van pamflette - Naeltegnikus** | |
| | | | |
| | | 'n Skriftelike versoek is ontvang van 'n nael tegnikus wie graag toegang tot Blue Ridge benodig om pamflette van haar besigheid aan die inwoners te gee. Die Komitee besluit eenparig dat die versoek nie toegestaan word nie. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | **14.4** | **Hersien van Grondwet** | |
| | | | |
| | | Die Komitee neem die besluit dat die hersiening van die Grondwet intern gedoen sal word en gedurende die finale fase sal 'n onafhanklike regsopinie verkry word. R van Huyssteen meld dat die hersieninig van die Grondwet tans aandag geniet. Die proses van | **RvH/PM** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | wat intussen aan die Grondwet gedoen is sal aan alle Komitee lede gesirkuleer word. | |
| | | | |
| | 14.5 | **AJV Notule sirkuleer** | |
| | | | |
| | | Die Komitee gee goedkeuring dat Status Mark die AJV notule aan alle eienaars sirkuleer. | **SM** |
| | | | |
| 8 | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | | | |
| | Woensdag 9 Julie 2021 om 9h00 | | |
| | | | |
| 9 | **Afsluiting** | | |
| | | | |
| | Met geen verdere items om te bespreek nie sluit die vergadering om 12h58 af.<br><br>.................................................... ....................................<br>Goedgekeur Datum | | |


<u>Trustees (7):</u>

| | | |
|---|---|---|
| Amanda Kruger | 076 143 7564 | smoost@vodamail.co.za |
| Arno Lombard | 082 301 8829 | oomknopie@gmail.com |
| Gerrie Germishuizen | 083 413 5440 | germishg@gmail.com |
| Leon Neveling | 081 759 8510 | leonneveling3@gmail.com |
| Pieter Myburgh | 073 195 2521 | pwmyburgh@gmail.com |
| Louise Stevens | 083 294 1561 | louise6071@gmail.com |
| Reinet van Huyssteen | 081 347 8126 | reinetvh@telkomsa.net |


Datum uitgestuur: 7/6/2021